Geagte Ouers/Voogde 20 Oktober 2011

EINDEKSAMEN-REëLINGS NOVEMBER 2011

DATUM	DAG	SESSIE	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
14 November	Maandag	1. 2.	STUDIE NATUURWETENSKAPPE	STUDIE NATUURWETENSKAPPE	AFRIKAANS (S) AFRIKAANS (D)	STUDIE AFRIKAANS
15 November	Dinsdag	1. 2.	STUDIE TEGNOLOGIE	STUDIE EKON. & BESTUURSWET.	NATUURWETENSKAP (S) NATUURWETENSKAP (D)	STUDIE NATUURWETENSKAPPE
16 November	Woensdag	1. 2.	STUDIE AFRIKAANS	STUDIE AFRIKAANS	ENGLISH (S) ENGLISH (D)	STUDIE ENGLISH
17 November	Donderdag	1. 2.	STUDIE KUNS EN KULTUUR	STUDIE LEWENSORIëNTERING	SOSIALE WETENSKAP (S) SOSIALE WETENSKAP (D)	STUDIE LEWENSORIëNTERING
18 November	Vrydag	1. 2.	STUDIE ENGLISH	STUDIE WISKUNDE	WISKUNDE (S) WISKUNDE (D)	KUNS EN KULTUUR FANIE BOLLEURS
21 November	Maandag	1. 2.	STUDIE EKON. & BESTUURSWET.	STUDIE KUNS EN KULTUUR	EKON. & BESTUURSWET. (S) EKON. & BESTUURSWET. (D)	STUDIE SOSIALE WETENSKAPPE
22 November	Dinsdag	1. 2.	STUDIE WISKUNDE	STUDIE SOSIALE WETENSKAPPE	KUNS EN KULTUUR (S) KUNS EN KULTUUR (D)	STUDIE TEGNOLOGIE.
23 November	Woensdag	1. 2.	STUDIE SOSIALE WETENSKAPPE	STUDIE TEGNOLOGIE	LEWENSORIëNTERING (S) LEWENSORIëNTERING (D)	STUDIE WISKUNDE
24 November	Donderdag	1. 2.	STUDIE LEWENSORIëNTERING	STUDIE ENGLISH	TEGNOLOGIE (S) TEGNOLOGIE (D)	STUDIE EKON. & BESTUURSWET.

Graag gee ek aan u die eksamenrooster deur, soos deur die Tshwane Suid Distrikskantoor goedgekeur. U sal sien dat die Graad 6'e in elke vak twee vraestelle skryf – 'n algemene vraestel (hierna genoem **D)** soos deur die Distrik opgestel, asook die skool se eie vraestel (hierna genoem **S**), wat van veel hoër kaliber en standaard is. Slegs die skoolvraestel word in aanmerking geneem vir u kind se finale rapportpunt. Die res van die skool (Grade 4,5 en 7) skryf net een vraestel per vak, en dit sal elke keer die Skoolvraestel wees, soos aangedui op die rooster.

Let asseblief baie duidelik op die verskillende begintye, waar dit op u kind van toepassing is. Almal moet, soos altyd, reeds om 07:30 by die skool wees, sodat die leerlinge stiptelik om 07:45 met die eerste sessie kan begin. Die Graad 6'e gee hulle handboeke tydens die tweede sessie in by hul onderskeie vakonderwysers. Die ander kinders (Grade 4, 5 en 7) gebruik die eerste sessie as studietyd in hul voogklasse, onder die beheer en toesig van 'n onderwyser. Om **08:45** is daar 'n kort badkamer-breek van 20 minute tot en met 09:05, en stiptelik om **09:15** begin die tweede sessie, waar al die kinders (Grade 4, 5, 6 en 7) dan eksamen skryf. Die Graad 4's, 5's en 7's se handboeke word aan die einde van die eerste sessie ingehandig by hul voogonderwysers in die klas waar hulle eksamen skryf.

Die eksamensessies maak om **10:45** klaar, waarna u u kind kan kom oplaai indien u verkies dat hy/sy by die huis studeer. Vir daardie kinders wie se ouers verkies dat hulle by die skool studeer, sal daar toesig wees tot 12:00.

Ouers, u moet asseblief verstaan dat ek nie die mag het om aan kinders toestemming te verleen om na die eksamensessie by die huis te studeer nie. Die Departement (en ek is hul verteenwoordiger by die skool) kan nie aanspreeklik gehou word vir enige krisis tydens skoolure as dit buite die terrein opduik nie. As u as ouer egter verkies dat u kind by die huis voorberei vir die volgende dag se eksamen, sal ek van u besluit kennis neem.

U moet asseblief op die meegaande antwoordstrokie duidelik aandui wat u keuse hier rondom is. Die skeurstrokie moet asseblief môre, Vrydag 21 Oktober, by u kind se voogonderwyser ingehandig word. Ek kan geen kind toelaat om die skoolterrein te verlaat sonder u skriftelike opdrag nie.

Leerlinge wat afwesig is tydens ‘n eksamenvraestel, sal slegs toegelaat word om ‘n aanvullende eksamen af te lê met die indien van ‘n doktersertifikaat, of in die geval van ernstige familietrauma. Ek sal dit waardeer dat, as u kind ‘n vraestel mis, u die skool vroegoggend sal bel om ons daarvan in kennis te stel. Dit is dan ook u kind se verantwoordelikheid om, sodra hy/sy terug is by die skool, dadelik reëlings met die betrokke vakonderwyser te tref vir die aflê van die aanvullende eksamen. Leerlinge wat ‘n vraestel mis sonder ‘n aanvaarbare rede, sal, sonder uitsondering, ‘n nulpunt vir die betrokke vraestel ontvang.

Die afbakening vir elke vak is gedoen, en dit behoort in u kind se boek geplak te wees. ‘n Kort opsomming daarvan, asook die volle eksamenrooster is op die skool se webblad, en op die skool se Kommunikatorprogram gelaai vir u gerief. Plak asseblief maar die eksamenrooster op die yskas, en vergewis uself saam met u kind van die datums van elke vraestel. Ontvang asseblief ook die algemene eksamenreëls hiermee saam.

Sterkte met die voorbereiding! Baie dankie dat ons kan reken op u ondersteuning en samewerking, sodat die integriteit van ons eksamen altyd bo verdenking sal wees.

Vriendelike groete!

JANNIE RAATH	DINAH-ANNE CLAASSEN	TANIA MEYER
SKOOLHOOF	EKSAMENKOMMISSARIS	DH: SENIOR FASE

ANTWOORDSTROKIE

Ek, ouer/voog van_____Graad_____ stel hiermee die Laerskool Hennopspark in kennis dat

	My kind, na afloop van die eksamensessies, **by die huis** kom studeer onder my toesig en beheer
	My kind, na afloop van die eksamensessies, **by die skool** studeer onder toesig en beheer tot 12:00.

Ek verstaan en aanvaar dat ek hierdie besluit in my hoedanigheid as ouer neem, wetende dat die skool nie toestemming daartoe verleen nie, en ek aanvaar die volle verantwoordelikheid vir my kind se veiligheid.

GETEKEN

_____ _____

OUER/VOOG **DATUM**